HANTAM MUNISIPALITEIT
HANTAM MUNICIPALITY

Kennisgewingnommer: 7.8.1.1-2018

Hantam Munisipaliteit, met sy setel op Calvinia, beskik tans oor die volgende vakature en aansoeke word ingewag van bevoegde persone wat aan die gestelde minimum posvereistes voldoen. Voorgeskrewe aansoek vorms is beskikbaar by die kantore en op die webtuiste van Hantam Munisipaliteit. Vroue en persone met gestremdhede word aangemoedig om aansoek te doen.

VERKEERSBEAMPTE

VEREISTES:

Om te voldoen aan die vereistes van die pos, moet u oor die volgende beskik:

- Graad 12.
- Diploma vir Verkeersbeamptes.
- Sertifikaat vir Ondersoeker van Voertuie en Bestuurderslisensies Graad A.
- Geldige kode A en EC Bestuurderslisensie.
- Goeie mense verhoudings, kommunikasie en interpersoonlike vaardigehede.
- Konflik hanteringsvaardighede.
- Vermoë om op fynere detail te fokus.
- Hoë vlak van verantwoordelikheid.
- 3 Jaar toepaslike ondervinding van die sleutel prestasie areas.
- Rekenaarvaardig (E-Natis, MS Word, MS Excel).

SLEUTEL PRESTASIE AREAS

- Verrig aktiwiteite/take wat verband hou met die ondersoek, toets en uitreik van leerder- en bestuurderslisensies en padwaardigheidsertifikate deur neergelegde assesering en inspeksie prosedures.
- Die monitering en aandag aan situasies wat verband hou met die vermindering van verkeersopeenhopings of oortredings wat aanleiding gee tot ongerief en ‘n risiko inhou vir openbare veiligheid.
- Afdwing van nakoming en ondersteun nood- en reddingspersoneel tydens groot rampe ten einde te verseker dat enige risiko vir openbare veiligheid of die oortreding van verkeersregulasies en wette identifiseer word en korrektiewe of nakomingsmaatreëls afgedwing word op oortreders.

STANDPLAAS: Calvinia

SALARIS: Die beginkerf van posvlak T10

Byvoordele:

- Bonus – 13 De tjek.
- Huissubsidie.
- Lidmaatskap van – Pensioenfonds, Mediese Skema en Groeplewensversekering.
- Essensiële Vervoerskema – Oorweging kan gegee word aan Essensiële Vervoerskema ingevolge die Raad se neergelegde beleid.

SLUITINGSDATUM: 06 Julie 2018

Gesertifiseerde afskrifte van Identiteitsdokument, Kwalifikasies, Getuigskrifte nie ouer as 1 jaar nie asook ‘n volledige CV moet u aansoekvorm vergesel.
Indien u nie binne 3 weke na sluitingsdatum terugvoering van die Munisipaliteit kry nie, kan u, u aansoek as onsuksesvol aanvaar.

Neem Kennis:

- Slegs kandidate op die kortlys sal gekontak word.
- Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.
- Elektroniese aansoeke sal aanvaar word.
- Gunswerwing by Raadslede en/of enige lid van die aanstellingskomitee en/of enige personeellid van Hantam Munisipaliteit, is ontoelaatbaar en sal aansoekers onmiddellik diskwalifiseer.
- Alle aanstellings is onderwerpe aan Polisie klaring wat noodwendig beteken dat applikante toestemming verleen dat dit verkry mag word.
- Aanstelling in sekere poste is onderhewig aan ’n sekerheidsklaring, en daar sal ook van aansoekers verwag word om ’n onderhoud- en evalueringsproses te deurloop, en waar van toepassing, ’n vaktoets af te lê.
- Benewens die minimum posvereistes en standplaas hierin gestel, mag daar van posbekleërs verwag word om oortyd- en bystanddiens te verrig, asook om van tyd tot tyd in ander dele van die munisipale gebied diens te lewer, soos vereis.

Navrae kan gerig word aan die Senior Bestuurder Tegnies en Gemeenskapsdienste:

Mnr. Riaan van Wyk
Tel: 027 341 8500
Faks: 027 341 8501
Epos: socialdev1@hantam.gov.za

Aansoeke kan gerig word aan die Menslike Hulpbronne Beampte:

Mnr. Eben Orlam
Hantam Munisipaliteit
Privaatsak X14
Hoopstraat 20
Calvinia
8190

Epos: hr@hantam.gov.za

Webtuiste: www.hantam.gov.za

Hantam Munisipaliteit is ‘n gelyke geleentheid werkgewer en eerbiedig die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming.
Hantam Munisipaliteit behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te doen nie.